
















Klaagliedere 3

 Alef (silent)	A	Ag, ek het ellende belewe, in die donker, sonder lig, gebewe. Hy stoot my weg, vergewe?
 Bet (B/V)	B	Bene gebreek, pyn verduur, met onbering en gif ommuur: Hierdie is die donkerste uur.
 Gimel (G)	G	Geboei met kettings, so vas. Hy hoor nie, al bid ek en vas. Geen uitkomplek, ek dra die las.
 Dalet (D)	D	Die Heer is soo 'n leeu wat my voorlê, Hy het my verskeur, my vermink laat lê. Met Sy boog wil hy my as teiken hê!
 He (H)	H	Hy het sy pyle diep in my ingeskiet. Ek word uitgelag oor my verdriet. Die lewe is bitter, alles verniet.
 Vav (V)	Wau W	Weggeneem is al my rus, vertrap: Ek kan nie berus! Vir hoop is ek nie meer lus...
 Zayin (Z)	Z [U]	Uitgemergel soos gal en gif, is my gedagtelas as ek daarvoor nadink, draai my gedagtes vas. Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:

 Chet (Ch)	Get [E]	Die kern van hierdie boek, moet jy in die middel soek...	<i>Ek bely: Deur die liefde van die Here kom ons nie om, Sy liefde is elke môre nuut. U trou: groot is die som! Ek sê: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.</i>
 Tet (T)	T		<i>Tog, die Here is goed vir die mens wat na sy wil vra, dit is goed om geduldig te wag op die hulp, sonder kla, dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra.</i>
 Yod (Y)	Jod [J]		<i>Jy moet in eensaamheid geduldig bly, diep verootmoedig – miskien kom jy vry! Draai jou ander wang om nog 'n klap te kry...</i>
 Kaf (K/Kh)	K		<i>Kyk, die Here sal nie vir altyd verstoot en verdring, as Hy straf, sal Sy liefde weer na buite kring: dit is teen Sy sin dat Hy mense in ellende bring.</i>
 Lamed (L)	L		<i>Land se gevangenes almal mishandel. Die reg vertrap en mense verhandel. Die Allerhoogste sien en sal wel handel!</i>
 Mem (M)	M		<i>Maar wie kan iets beplan, en dit gebeur? Kwaad en goed – die Allerhoogste beheer. Wat kla 'n mens oor sy lewe? Eerder bekeer!</i>
 Nun (N)	N		<i>Nee, laat ons ons doen en late deeglik ondersoek laat ons met ons hele hart en hande na God soek: “Ons het sonde gedoen wat verkeerd is in U Boek!”</i>

 Samech (S)	S	Slagting deur U toorn se dolke. Geen gebed kom deur die wolke Ons is die skuim onder die volke.
 Ayin (silent)	[O]	Oor ons rek die vyande laggend hulle mond. Angs en benoudheid, verlate en ongesond, die trane loop oor die volk van die verbond.
 Peh (P/F)	P	Pynvol sal my trane net aanhou vloei, totdat die Here uit die hemel Hom bemoei. Ek is hartseer oor die stad se dogters wat bloei...
 Tsadeh (Ts)	Sade [Y]	Ywerig jag mense my soos prooi, hulle het my in 'n put gegooi , die water het om my kop geplooi.
 Qof (Q)	Kof K	Kreet uit die dieptes deur vrees gedrang: U het gehoor dat ek uitkoms verlang. <i>U het geantwoord: Wees nie bang!</i>
 Resh (R)	R	Red my lewe, Hy verdedig my saak. Sien die onreg, lewer tog uitspraak. U sien hoe hulle teen my planne maak.
 Shin (Sh/S)	S	Self hoor U hoe hulle beledigings laat, hoe hulle heeldag oor my spot en praat. Hulle sing hulle spotliedjies by hul daad.
 Tav (T)	T	Tref hulle, Here, vir hierdie beleg. Straf hulle met u vloek, so sleg. Verdelg hulle, onder U hemel uit weg!